SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 27-Sep-2007
Topic: 08
Ref No: 14217
1
ID: 03514923-01
Source Page: 2

# RFD-syfers wys óók SA groei

## Bates onder bestuur van lewensversekering 19,9% groter

Jaco Leuvennink, Kaapstad

Die stewige ekonomiese groei van die laaste paar jaar word ook deur die syfers in die jongste jaarverslag van die Raad op Finansiële Dienste (RFD) weerspieël.

Die jaarverslag vir 2006-'07 wat in die parlement ter tafel gelê is, toon dat die totale bates onder bestuur van die lewensversekeringsbedryf in Suid-Afrika in die kalenderjaar 2006 met 19,9% tot R1 302 miljard gestyg het. Die stygings in die vorige twee boekjare was 10,3% en 19,7%.

Die ongeouditeerde syfers van die bedryf toon dat die premie-inkomstes van lewensversekeraars vir die boekjaar geëindig in 2006, asook die voordele uitbetaal, met onderskeidelik 33% tot R220 miljard en 31% tot R214 miljard toegeneem het.

Die korttermyn-versekeraars se ongeouditeerde syfers toon 'n styging van 8,7% in beleggings (Sasria en herversekeraars uitgesluit) tot R59,3 miljard in die jaar tot einde Desember 2006. Die styging het 17,2% bedra in 2005.

Die totale bates van die meer as 13 000 geregistreerde aftreefondse waaroor die RFD toesig hou, het in 2005 met 17,6% tot R1 284 miljard gestyg. Die jaarverslag meld dat die syfers vir 2006 nie betyds beskikbaar was nie omdat die fondse eers teen Augustus vanjaar hul state vir 2006 moes lewer.

Die totale lidmaatskap van die aftreefondse was op 9,3 miljoen teen einde 2005. Daarvan was 1,144 miljoen reeds pensioentrekkers, aan wie voordele van sowat R86 miljard in die jaar uitbetaal is.

Die invloei vanaf beleggers in kollektiewe beleggingskemas (hoofsaaklik effektetrusts) het 'n rekord van R27,6 miljard in die kwartaal tot einde Maart vanjaar bereik. Die bates onder bestuur van hierdie bedryf het in die boekjaar tot 31 Maart vanjaar met 30% tot R596 miljard toegeneem.

Die RFD se inkomste, wat net uit heffings betaal deur maatskappye in die finansiële-dienstebedryf verkry word, toon ook 'n stewige styging van 19,7% tot R224 miljoen in die afgelope boekjaar. Dit het die RFD se netto oorskot vir die jaar byna verdubbel van R31,5 miljoen tot R61,4 miljoen. Die vergoeding van mnr. Rob Barrow, uitvoerende hoof, het in die afgelope boekjaar R2,3 miljoen bedra, wat 'n bonus van R338 734 ingesluit het.